

Hoe goed word toerusting ondersteun?

Februarie 2013

Jy sal **Foto 1** herken uit die Beacons van November 2012 en Januarie 2013. Dis 'n opvallende voorbeeld van swak ondersteunde pypwerk. Meestal is probleme met ondersteuning van pypwerk en toerusting nie so maklik om raak te sien nie.

Foto 2: Die staal stut onder die pype het gebuig, moontlik omdat die pype te swaar is. Dalk was dit die gevolg van 'n verandering? Dalk is die tweede pyp bygevoeg sonder om seker te maak of die staal stut dit kan dra.

Foto 3: Hierdie pyp het in die lengte beweeg en die pyp skoen aan die pyp rus nie meer op die pypstut nie.

Foto 4: Kyk mooi! Hierdie kolom raak nie meer die grond nie, hy hang aan die pyprak!

Foto 5: Iemand het 'n stuk van die kolom weggesny om plek te maak vir die klep se handvatse!

Pype en toerusting wat nie behoorlik ondersteun word nie is onder spanning en dit veroorsaak vibrasie of ander probleme. Dit kan lei tot lekkes of selfs katastrofiese faling. As jy deur jou aanleg loop, hou jou oë oop vir swak ondersteunde toerusting, vibrasie of ander soortgelyke probleme. 'n Bruikbare algemene reël: As iets nie lyk soos die dag wat dit geïnstalleer is nie, is daar waarskynlik 'n probleem. Rapporteer moontlike probleme en volg op om seker te maak die probleme word opgelos.



Pype en toerusting moet behoorlik ondersteun word!